

**7 September**

**2 Korintiërs 4:16 -18**

**Sien die onsigbare raak**

Ons omstandighede maak ons soms moedeloos.

Hoe ver kan dinge nog gaan? Watter bese daad kan nou nóg plaasvind? Geweld kry eenvoudig die oorhand. Elkeen kan maak wat hy wil en hy kom daarmee weg. Wie rondom hom kyk sien net ellende. Skakel maar die TV aan of blaai deur die koerant Chaos is omtrent die enigste woord wat die werklikheid waarin ons woon kan beskryf.

Voeg hierby elkeen se persoonlike swaarkry - moeite, eensaamheid, siekte, verlange, ens.

Wat ons sien skets 'n donker prentjie; dit maak moedeloos.

Die lewe van die gelowige moet egter nie bepaal word deur die sigbare nie. *"Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare: want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare is ewig."*

Christene kyk met ander oë na die werklikheid. Hulle kyk as't ware deur die gebrokenheid van die wêreld rondom hulle na die volmaaktheid van die onsigbare, die werklikheid wat hulle met geloofsoë kan sien.

So kyk die Christen verby die uiterlike liggaam wat besig is om te vergaan na die innerlike wat dag na dag vernuwe word (16). Die Christen weet dat God ook uiterlike swaarkry wil gebruik tot loutering en vorming van die gees. Die liggaam is soos 'n tentwoning wat onvol-doende en tydelik is. Eers as dit vergaan het kom daar die ewige, volmaakte woning in die hemel.

So kyk die Christen ook verby die swaarkry van nou (17). Hy weet die swaarkry is in vergelyking met die komende heerlijkheid maar gering en dit gaan verby, Hy weet die swaarkry is die pad wat uitloop op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig is.

Hy weet die sigbare is tydelik, maar die onsigbare is ewig (18).

Daarom word die gelowige nie moedeloos nie. Al lyk die sigbare hoe donker; hy laat nie toe dat die sigbare hom verblind en terneerdruk nie.

Die Christen het altyd hoop. Hy het altyd iets ekstra. Hy weet altyd beter. Hy glo immers in 'n God wat ons perspektief op die sigbare ver-ander het.

Die Christen het altyd hoop. Hy het altyd iets ekstra. Hy weet altyd beter. Hy glo immers in 'n God wat ons perspektief op die sigbare ver-ander het.

As bewys hiervoor het ons Jesus Christus. Die onsigbare God het Hom in Jesus sigbaar geopenbaar. Die onsigbare het sigbaar geword sodat ons nou verby die sigbare na die onsigbare kan kyk.

Mag die Here aan ons die geloofsoog gee sodat ons omstandighede ons nie moedeloos maak nie.

Sing Skrifberyming 45      Ds. H.S. Coetzee (Bellville-Oos)